


S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS
NO. 10.
Vrou van Skarlaken
braam le roux

Kohtle kom orent met 'n baksteen in sy hand, maar Kobus is hierdie keer vir hom te vinnig. Hy slaan na die voorarm van die swart hand wat daardie baksteen omklem. Die knuppel wat Kobus van die nagwag afgeneem het, kom nou goed te pas en dit klap dof toe hout teen been, spier en vlees raak. So geweldig is die hou dat die baksteen uit Kohtle se hand val. Die swarte is egter nog nie gestuit nie. Met iets soos 'n brulgeluid spring hy vorentoe en hy swaai 'n regtervuis na Kobus se kop. Weer buk Kobus laag en toe hy die swart liggaam hier by hom voel, klap sy linkervuis dof in Kohtle se maag. Daar is 'n hikgeluid, maar dit maak nie eintlik vir Kohtle seer nie. Hy gryp na die bukkende figuur en slaag daarin om Kobus se baadjie vas te gryp. Nou ruk hy die jong konstabel nader en terselfdertyd gryp hy na die knuppel in Kobus se hand.

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## NO. 10.
## Vrou van Skarlaken



braam le roux

INHOUD

| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Die Hees Stem | 3 |
| 2. Jagende Duiwels | 22 |
| 3. Die Dood Telefoneer | 41 |
| 4. Die Dooie Praat | 59 |
| 5. Stemme uit die Aarde | 78 |

Hoofstuk 1

## DIE HEES STEM

Juniemaand is veronderstel om koud te wees, maar hierdie Junie in Pretoria is vir Kobus glad nie koud nie. Die sonnetjie bak soggens hier op die Magaliesberge asof die trope sommer net hier anderkant begin. Kobus Roode voel opgewek, want daar is iets in die lug wat 'n mens aan die lente laat dink. Kobus se blymoedigheid het egter niks te doen met die lente nie. Nee, sy lughartigheid het gekom as gevolg van die feit dat hy met vakansie is. Hy loop nou in burgerlike klere hier in Pretoriusstraat af. Vanaand ontmoet hy weer vir Frieda Erlank. En het sy mooi geword! Toe hy die dag uit Harrismith vertrek het, ruim twee jaar gelede, was sy nog 'n skooldogter. Hy het al die maande gewonder of sy nog net so baie van hom hou as destyds, en nou lyk dit so. Dit lyk asof die maande van verwydering niks aan hul verhouding afgedoen het nie. Inteendeel, Kobus voel asof hulle nog maar altyd naby mekaar was.

Kobus se vakansie begin nou eers en daar is so baie mense wat hy hier in die einste Pretoria nog wil gaan opsoek. Vanoggend het hy kaptein Andries Snyman toevallig hier raakgeloop. En nou kan dit nie hoër of laer nie of hy moet die Kommissaris gaan ontmoet. Dit stem Kobus ietwat senuweeagtig, want dit gebeur selde dat 'n gewone konstabel daar uit die minderbewoonde gebiede die geleentheid kry om die hand van die Generaal te druk. Maar kaptein Snyman ken vir Kobus Roode goed. Dit was hy en kaptein Snyman wat die onwettige immigrasie bo in die Noorde van Natal aan die kaak gestel het en dit is kaptein Snyman wat hom aanbeveel het vir sy eerste dekorasie vir dapper diens. En Kobus het al sy tweede onderskeidingsteken verwerf. Kaptein Snyman doen nou diens by die polisiehoofkantoor en Kobus sien reeds die massiewe, stewige gebou van grou graniet.

,,Verbeel jou, jy is al drie dae hier, Kobus, en jy het my nog nie opgesoek nie. En blykbaar was jy ook nie van plan om my op te soek nie. Dit vergewe ek jou nooit nie,'' praat kaptein Snyman ernstig.

Kobus Roode is maar pas twintig jaar en daarom kyk hy hierdie statige, regop polisie-offisier met bewondering aan. Sy stap is nog veerkragtig al lê daar reeds veertig jaar agter sy rug.

,,Ek sou u kom opsoek het, Kaptein—ek sou. Ek het nog net 'n paar ander dingetjies gehad wat ek moes doen."

,,Dit is 'n flou verskoning, Kobus," lag die Kaptein.

Hulle loop in stilte voort en dan probeer Kobus iets sê.

,,Is dit nou regtig nodig dat ek die Kommissaris self moet spreek, Kaptein?"

,,Hoekom nie? Die Generaal sal jou graag van aangesig tot aangesig wil sien. Is dit nie jy wat 'n paar maande gelede eiehandig 'n hele gevaarlike smokkelbende uitmekaar gedryf het nie? Dit is 'n wonderlike prestasie wat jy behaal het, Kobus. Ek sê jou, die Kommissaris sal jou graag wil ontmoet. En hy is 'n aangename man."

Hulle swenk by die imponerende gebou in en nou voel Kobus lam in die knieë. Al geselsend gaan hulle met die hysbak op en weldra klop kaptein Snyman aan 'n deur. Toe iemand binne antwoord gee, draai die Kaptein die deur oop en laat Kobus binne. Nou voel Kobus éérs senuweeagtig, maar hy weet dit is nog nie die Generaal nie. 'n Jong polisie-offisier lag hulle toe.

,,Dit is kaptein Jordaan, Kobus. . . en dit is konstabel Kobus Roode."

Vriendelik lig Jordaan hom uit sy stoel op en gee Kobus die hand.

,,Misgis ek my," kom die stem van Jordaan, ,,of is dit die man wat die daggasmokkelaars so verniel het?"

,,Einste hy. Ek het gedink dat die Generaal hom graag sou wou sien. Is hy besig?" vra kaptein Snyman.

,,Ja, op die oomblik is majoor Graaff by hom. Die Kommissaris voel persoonlik besorg oor hierdie verdwynings. Ons kollega hier, konstabel Roode, sal seker daarin belang stel. Hy lyk my mos meer na 'n speurder as iets anders. Hy het mos al snaakse goed uitgesnuffel."

Kobus kan nie help om te bloos nie.

,,Ek reken dit is blote geluk dat ek die daggasmokkelaars teengekom het," maak Kobus verskoning.

,,Geluk. . .? Dan kry jy darem baie gelukke, Kobus. 'n Man met jou gelukke is 'n aanwins vir die polisiediens. In twee jaar het jy die immigrante-smokkelaars uitoorlê, die drankkoning van Suid-Afrika agter slot en grendel besorg en eiehandig die bylmoordenaar gevang. Is dit alles geluk?" wil kaptein Snyman weet.

,,Ek skat dit is," antwoord Kobus sonder aarseling.

Kobus Roode is stewiger van postuur as die twee offisiere. Kaptein Jordaan is langer en seker swaarder as Kobus, maar hy vertoon nie so gespierd soos die borselkopkonstabel met die lewendige blou oë nie.

Kaptein Jordaan tel die telefoon op en 'n oomblik later is hy in verbinding met die Kommissaris.

,,Môre, Generaal. Ek het kaptein Snyman hier by my. By hom is konstabel Roode, die nemesis van die daggaskurke. Sal u hulle later kan spreek?"

Kobus hoor iemand vinnig aan die anderkant praat en dit voel kompleet asof hy in die aarde wil sink. Kaptein Jordaan lag heerlik oor iets en dan sit hy die telefoon dadelik neer.

,,Die Generaal wil julle nou spreek, Roode. Hy wil graag hê dat jy die doodbekommerde majoor Graaff moet ontmoet."

Toe Kobus, Snyman en Jordaan die ruim kantoor binnegaan, voel hy 'n flou gevoel oor hom kom, maar gelukkig gaan dit weg toe die Kommissaris eenkeer met daardie magnetiese oë in syne kyk en glimlag terwyl hy groet.

,,Ek is bly jy is hier, Konstabel, veral omdat ek jou graag persoonlik wil gelukwens met jou goeie stukkie werk. Ontmoet majoor Graaff, die offisier wat nou die massaverdwynings in Pretoria en Johannesburg bestudeer. Ek dag jy sal belang stel hierin, want ek glo vas jy kom nog stad toe om speurwerk te doen."

Kobus voel die warm sensasie oor sy gesig.

,,Dit is my doel, Generaal, as ek dit tot daar kan bring. Ek skryf juis in November eksamen."

,,Jy het dit reeds tot daar gebring, Konstabel. . ." en dan aarsel die Generaal 'n oomblik toe sy magnetiese oë diep in Kobus se lewendige blou oë kyk. ,,Majoor Graaff het te doen met verdwynings. . . reeds agt verdwynings in ses dae. Die persone wat verdwyn, is almal meisies en almal dekselse mooi meisies. Ses van die agt wat reeds vermis word, is skoonheidskoninginne of was vroeër skoonheidskoninginne. Dit klink interessant, nè? Nou, die ouers van hierdie jongmeisies is vanselfsprekend uiters ontsteld. Die beeldskone dogters is egter

nog soek en daar is geen leidraad nie. Hulle was almal alleen voordat hulle weggeraak het en diegene wat kêrels het se kêrels het geen besonderhede oor hul verdwynings nie en is ewe besorgd."

Daar volg 'n doodse stilte en Kobus kan die bekommerde trekke op Graaff se gelaat lees.

,,Dit beteken, Generaal, dat die enigste leidraad wat bestaan die feit is dat hulle mooi is? En as 'n mens mooi is en jonk, raak jy om twee redes weg. Òf jy word ontvoer, òf jy is kinderagtig en jy loop met 'n ridder weg. Al agt kan egter nie so temperamenteel wees nie, dus skat ek u soek na ontvoerders," kom dit nou kordaat van Kobus en hy bloos toe hy besef dat hy van pure geesdrif so baie praat.

Majoor Graaff staan op.

,,Dit is reg, Konstabel, maar watter soort ontvoerders is dit, en hoeveel van hulle is daar en van watter metodes maak hulle gebruik? Les bes, wat is hulle motief? Hierdie meisies raak te maklik weg om deur geweld ontvoer te word. Dit lyk soms of hulle gewillig gaan. Gisteraand het die agtste skoonheid verdwyn en as daar nog een moet verdwyn, word ek stapelgek."

,,Ek wens konstabel Roode se geluk kan ons hier help, Generaal," spot Jordaan. ,,Hy hou vol dat sy suksesse aan pure en blote geluk te danke is."

,,Geluk speel 'n groot rol, maar dit is beskeie om te meen dit is nét geluk," kap Snyman terug.

Majoor Graaff is bra haastig en met daardie bekommerde trek nog steeds op sy gesig, groet hy en stap in die gang uit.

Tien minute later is Kobus alleen in 'n bus op pad na die universiteit waar hy vir Frieda 'n heen-en-weertjie moet ontmoet. Hul afspraak is eintlik vir vanaand, maar hy brand om haar te sien, daarom het hy haar opgebel om te sê dat hy saam met haar wil tee drink as daar nie 'n dringende klas is nie. Frieda het eers lus gevoel vir verpleging, maar onlangs het sy besluit om te gaan studeer met die oog op die B.Sc.-graad in huishoudkunde. Frieda is tans dus 'n vurige eerstejaarstudent aan die universiteit. Terwyl die bus voortgly oor die teerstraat, dink Kobus aan die Generaal met sy stewige handdruk en hy gloei as hy dink dat hy besonder gelukkig was om die Kommissaris te ontmoet. Die Generaal se deurborende, magnetiese oë het hom grootliks geïmponeer.



Kobus gee sy verbeelding vrye teuels. Hy dink aan die verdwyning van die agt mooi meisies en hy wonder waar hulle nou kan wees. Sy gedagtes warrel weg en hy dink wat moontlik met hierdie meisies kon gebeur het. Natuurlik vermoed die polisie dat die skoonhede deur gewetenlose skurke ontvoer is, skurke wat hierdie beeldskone asters vir die onwettige mark benodig. Kobus onthou dat hy eenkeer gelees het dat Oosterse nasies hulle nog skuldig maak aan hierdie soort onmenslikheid. Meisies word gekoop en verkoop aan ryk voornemende eggenote. Maar hier in Pretoria? Hier in Suid-Afrika kan mos nie so iets bestaan nie? Onmoontlik!

Toe die bus die draai gooi en hy die universiteitsgebou hier voor hom sien, is die verdwyning van meisies egter dadelik vergeet. Van ver af sien hy Frieda daar by die bushalte. Die son glinster op haar swart hare en Kobus kyk vas in daardie besonder helder blou-groen kykers van die meisie wat hy al sedert sy skooljare ken. Sy glimlag toe hy haar aan die hand vat.

,,Moenie so opvallend liefkoos nie, Kobus. Hier is baie proffies in die buurt."

,,Is jy nou bang vir die proffies of vir die studente? Ek bedoel die baie mansstudente?" spot hy.

,,Ophou met jou praatjies, Kobus. Ek het nie veel tyd nie. Oor vyftien minute begin my volgende klas. Ons het net tyd vir 'n koppie tee by die Griek."

,,Skote," en hy begin heerlik gesels oor sy ontmoeting met die Kommissaris van Polisie.

In die teekamer kyk hy haar aandagtig aan en dadelik is sy gedagtes weer by die skoonheidskoninginne wat in die afgelope week verdwyn het, sommer spoorloos verdwyn het. As Frieda nie mooi loop nie, kan sý maklik 'n slagoffer van die ontvoerders word, dink hy glimlaggend en dan vertel hy haar.

,,Ek het daarvan gelees, Kobus, maar ek het 'n spesmaas dat die meisies self oor-romanties is en dan raak hulle té avontuurlik en loop saam met mans weg wie se karakters onder verdenking is."

Kobus wil aan haar sê dat hy oortuig is dat sy die bal mis slaan, toe Frieda op haar polshorlosie kyk.

,,Dit is tyd, Kobus. . . Ek sien jou vanaand. Kom na my tante se huis toe."

,,Goed. Gaan ons fliek?" vra hy soos 'n tipiese student en

tergend.

,,Nee, ek vrees nee. . . oormôre skryf ons 'n toets. Vanaand kan ek net 'n uur afsonder.''

,,Goed, my madonna. Dit is swaar om 'n nooi te hê wat baie studeer, te slim wil word en onder velerlei mooi ouens vervalle is, sodat sy slegs 'n uur vir elkeen kan afsonder,'' lag hy en hulle stap vinnig na buite.

Hierdie keer is dit Frieda wat eerste sy hand vat. Agter hulle loop 'n paar skertsende mansstudente, maar dit is of Frieda nie omgee nie. Sy kyk een keer na Kobus op.

,,Ek wens ek het ook vakansie gehad, Kobus. Dan sou ek en jy afgeskiet het Harrismith toe na my ouers se plaas.''

,,Natuurlik, hoe verlang ek nie om daardie ou dorp weer te sien nie.''

,,Maar, jy weet, ons kan gaan. Op 28 Junie sluit die universiteite en jy het nog vakansie tot 5 Julie. Ons kan mos gaan!'' juig sy dit skielik uit.

,,Ek het al lankal daaraan gedink, Frieda, maar ek wou dit nie voorstel nie. Jy het gepraat van see toe gaan.''

,,Waaroor sal ek see toe gaan as ek en jy weer 'n paar dae op Harrismith kan rondjakker?''

Kobus sweef so 'n paar sentimeter bokant die aarde toe hy terug stap bushalte toe en Frieda vir hom wuif voordat sy in die groot gebou verdwyn.

* * *

,,As ons dan nie kan gaan fliek nie,'' terg Kobus, ,,kom ons gaan 'n bietjie hotel toe. Ek sal jou trakteer op 'n drankie—natuurlik nie iets sterk nie.''

Frieda lag.

,,Seker. Hier is ons by een,'' antwoord Frieda en sy wys deur die busvenster na die ingang van 'n hotel met flitsende neonligte wat sy al van ver af raak gesien het.

,,Nee, vir Frieda neem ek nie sommer na enige hotel toe nie. Ons gaan na die Caledon, die luukse hotel in Pretoria.''

,,Goed, blykbaar het jy baie geld, meneer Roode.''

Al geselsend sit hulle in die bus en die ligte en die geboue swiep by hulle verby. Dit is glad nie koud nie. 'n Mens kan nouliks glo dat dit 'n aand in Junie in Pretoria is. Daar trek nie 'n luggie nie.



Hulle klim vlakvoor die Caledon af en Kobus laat Frieda effens voor hom loop.

,,Ek skat dat 'n mens eintlik voor so 'n luukse hotel uit 'n luukse motor moet klim, Frieda, en nie van 'n bus af nie. Maar ek belowe jou dat ons 'n motor sal koop sodra ek offisier word.''

Hulle loop oor die duur tapyt en gaan die sitkamer binne. Dit is 'n luukse sitkamer maar, eienaardig genoeg, is daar glad nie baie mense nie. Die drinkers wat reeds daar is, bondel in die hoeke saam en oudergewoonte mik Frieda ook na 'n hoektafeltjie. Sy loop by 'n tafeltjie verby waar 'n gesette vrou met vlamrooi hare in drukke gesprek met 'n welgeklede man sit. Sy gee die man nie bra kans om 'n woord te sê nie en die persoon met sy aristokratiese voorkoms, knik maar net aanhoudend instemmend. Kobus is daarvan oortuig dat hy skaars hoor wat die gesette vrou met die rooi hare te sê het. Sy praat met 'n diep, heserige stem. Toe Frieda dig by haar verbyloop, bly sy skielik stil en kyk vinnig op. Toe Frieda verby is, staar sy haar nog steeds agterna. Kobus het al gesien dat mans 'n vrou so agterna kyk, maar hy het nie geweet dat dit ook 'n gewoonte by vroue is nie. Hy trek die stoel vir Frieda uit en die meisie neem plaas. Hy gaan teenoor haar sit, met sy rug na die muur. Kobus kan die vrou met die hees stem nou mooi sien. Hy kyk vas in haar oë. Met die eerste oogopslag merk hy dat sy 'n baie vooraanstaande persoon moet wees. Ringe pryk in oorvloed aan haar plomp vingers en 'n duur pêrelhalssnoer skitter om haar nek. Haar kleredrag gee 'n mens ook die indruk dat sy uit die hoogste rakke kom, hoewel die juwele en oorringe 'n bietjie oordryf of oorbeklemtoon is. Daarby is haar lippe effens te veel rooi gemaak en op haar vel is daar ook te veel poeier. Sy sit ongeveer vyf treë van Kobus af daarom kan hy haar baie deeglik bestudeer. As hy haar met een woord moes beskryf, sou hy kon sê ,,lelik,'' en die spreekwoord wat so tipies in Afrikaans is, kom in hom op toe hy haar so aandagtig beskou:

,,Al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding.''

Frieda sit half skuins na die vrou toe gekeer, maar sy het die opgemaakte skepsel ook reeds opgemerk. En asof sy Kobus se gedagtes gelees het, laat sy hoor:

,,Behalwe haar gesig en haar lyf, is sy maklik 'n twee duisend rand werd, nie waar nie, Kobus?'' lag sy.

Kobus kyk eenkant toe. Hy hou nie daarvan om aanmerkings oor ander mense te maak nie, maar hierdie keer kan hy nie sy lag hou nie. Buitendien kan 'n mens nie anders as om hierdie tante raak te sien nie, want sy staar Frieda nog steeds so opsigtelik aan dat Kobus eintlik om Frieda se onthalwe ongemaklik voel.

,,Wonderlik uitgedruk, Frieda, maar die mens staar jou aan of sy jou wil koop."

,,Ek sien so. Sy is sweerlik 'n afwyking."

,,Al afleiding wat ek ook kan maak, Frieda. Wat gaan jy drink?" stuur hy die gesprek in 'n ander rigting net toe die netjiese Kleuringkelner in perfekte Afrikaans vra:

,,Iets vir julle, Meneer?"

Frieda dink so 'n oomblik na.

,,Ek dink ek sal maar 'n bietjie koue lemonade neem. Iets anders sal die bietjie kennis wat ek in my harspan het, dalk uitjaag."

,,Goed. Dan is dit 'n lemonade en net omdat ek anders skaam sou voel dat ons na 'n hotel gekom het, drink ek 'n biermengsel."

Die Kleurling maak 'n buiging en dan stap hy vinnig in die rigting van die kroeg. Toe Kobus opkyk, kyk hy vas in die oë van die rooihaarvrou wat nou ineens nie meer 'n woord teenoor haar gesel te sê het nie. Die aristokratiese heer is ook blykbaar bly, want dit lyk ineens of hy die stilte waardeer.

,,My hemel" mompel Kobus, ,,daardie vroumens het haar oë nog steeds op jou gerig. As sy 'n man was, kon ek dit glo, want jy lyk vanaand besonder oulik in daardie tabberd."

In die spieël langs hom kan Kobus Frieda se beeld duidelik sien. Hy bestudeer haar nou terwyl sy na hom kyk. Hy weet dat sy onbewus daarvan is dat hy haar dophou. Daar is 'n sagte glans in haar hare en 'n blos op haar wange. Haar oë vonkel helder met daardie kleur wat hy nog nooit kon vasstel nie, want soms lyk dit groen, soms grys, soms helderblou, soms byna bruin.

Frieda begin haar nou vir hierdie uitspattig-geklede vrou vererg. Sy kyk vas in haar oë en sy kyk lank, totdat die vreemde vrou agterkom dat daar nou ook na haar gekyk word en dan glimlag sy vinnig en kyk dadelik weg.

Die drankies wat Kobus bestel het, word voor hom neergesit en dan begin hy heerlik gesels oor die dinge waarin slegs twee



verliefdes belang stel. Etlike oomblikke sien hulle net mekaar raak en hulle het die rooihaarvrou reeds vergeet toe die aristokratiese man stadig opstaan en vriendelik vra of sy gesellin hom sal verskoon. Sy doen dit en hulle groet en Kobus sien hoe dat die welgeklede man wegstap. Hy dink dat hulle maar seker net kennisse is, mense wat heel toevallig in die hotel saam is en dus maar 'n praatjie met mekaar aanknoop. Oombliklik nadat die man uit die sitkamer verdwyn, begin die vrou rondkyk. Eindelik sien 'n kelner haar beduie, maar toe hy nader kom, skud sy haar kop en wys in die rigting van die Afrikaanssprekende Kleurling wat in die verste hoek staan. Dit is nou Kobus wat na haar kyk. Hy stel ineens belang. Wat wil die vrou nou juis van die Kleurlingkelner hê? Hy sien hoe dat die Kleurlingkelner ingelig word dat die rooihaarvrou hom nodig het en vinnig kom hy nou na haar tafel aangestap. Dit is nou Kobus wat stip en byna ongeskik na haar staar. Sy merk dit, maar glimlag daaroor en toe die Kleurling hier by haar 'n buiging maak, verras sy Kobus. In vloeiende Zoeloe spreek sy die Kleurling aan. Sy praat hard, byna asof sy meen dat Kobus, wat haar stip aankyk, maar kan hoor:

,,Johnie, bel vir Vidas. Ek moet hom dadelik sien. Hier is die mooiste madonna wat hy móét sien."

Kobus rek sy oë groot en hy kyk onmiddellik na Frieda. Hy besef egter dat Frieda nie die Zoeloetaal magtig is nie. Ineens wonder hy waarom die vrou Zoeloe gebesig het. Dit is vir hom plotseling duidelik dat sy waarskynlik gemeen het dat hy en Frieda die Bantoetaal nie sou verstaan nie. Sy kon tog haar opdrag aan die Kleurling geprewel het, maar moontlik wou sy geen agterdog wek nie. Feit is egter dat Kobus woord vir woord verstaan het wat sy gesê het. Hy sien hoe dat die Kleurling, Johnnie, vinnig in Frieda se rigting kyk. Hy lag net en maak dan weer 'n beleefde buiging by die rooiharige vrou. Hy draai om en loop haastig weg. Kobus leun oor na Frieda.

,,Frieda, ek is seker dat hulle jou bespreek het. . . en nogal in Zoeloe. Bly 'n oomblik hier. Ek is nuuskierig. Moenie weggaan van die tafel af nie en maak of jy hierdie ou wyf nie raak sien nie. Ek is nou terug."

Hy staan stadig op, kyk nie meer in die vrou se rigting nie en stap inderhaas tussen die tafeltjies deur. Hy bevind hom in die woelige portaal waar mense kom en gaan en dan merk hy hoe dat die Kleurling vinnig met die trappe langs die hysbakke